

Verdere prosas in die NG Kerk m.b.t. die hantering van die debat oor selfdegeslag verhoudings:

Lidmate het appéle ingedien teen die besluite van die Algemene Sinode oor selfdegeslagverhoudings en die aanvaarding van addisionele belydenisskrifte deur sinodes. Die noodwendige regsimplikasie hiervan is dat daar nie voortgegaan kan word met die uitvoering van die besluite nie. In die lig van die appéle geld die volgende:

1. Die besluite van die Algemene Sinode oor homoseksualiteit soos geneem in 2007 en 2013 is steeds van krag en is die algemeen geldende beleid van die NG Kerk en moet as sodanig deur gemeentes, ringe en sinodes hanteer word. Daar moet gelet word op al die besluite wat oor hierdie kwessie in 2007 en 2013 geneem is.
2. Appéle en beswaarskrifte kan steeds in terme van die bepalings van die Kerkorde teen die 2015 sinode se besluite ingedien word.
3. Gesprek en besluite oor die aangeleetheid kan op gemeentelike, ring en sinodale vlak steeds voortgaan. Openbare standpuntinname oor die kwessie kan egter 'n afgevaardigde se posisie by die volgende Algemene Sinode kompromiteer

Kerkrade, ringe en sinodes verduidelik aan lidmate dat die 2015 besluit van die Sinode nie deur die appéle opgehef is nie. Die uitvoering daarvan is egter opgeskort. Die volgende gewone vergadering van die Algemene Sinode is die enigste liggaam wat die appéle kan beoordeel. Dit sal dus DV in 2017 gedoen word.

Daar word met groot pastorale deernis omgesien na:

1. ons lidmate met homoseksuele oriëntasie, hulle families en vriende wat tans in die kollig van die kerklike debat verkeer en persoonlik geraak word deur die Sinode se posisie.
2. ons lidmate wat ontstem, ontwrig en kwaad is oor die besluite van die Sinode.

Veilige ruimtes word oral geskep waarin daar deeglik geluister word na die emosies en oortuigings van bogenoemde en ander lidmate. In hierdie gesprekke moet waardes soos respek, omarming en liefde die grondslag vorm van die dialoog. Sinodes bedien kerklike liggame met advies oor die skep van veilige ruimtes.

Versoeningsgesprekke word gehou waar daar konflik is. Hierdie gesprekke geskied empaties en in die gees van Christelike liefde.

Sinodes adviseer gemeentes waar nodig oor die neem van ingeligte besluite oor die aangeleentheid. Die bestudering van die 2007 en 2013 besluite van die Algemene Sinode, die beleidsdokument van die Algemene Sinode oor Skrifhantering en ander ander relevante literatuur word aanbeveel met die oog op verdere gesprekvoering deur Kerkrade.

Sinodes adviseer waar nodig gemeentes oor die voer van onderskeidende gesprekke oor seksualiteit.

Alles moontlik word gedoen om stereotipering van groepe, streke, sinodes en individue te bestry.

Die eenheid van die kerk word bewaar. Die kerk het nou 'n geleentheid om hom te onderskei in die wyse waarop intense meningsverskil hanteer word. Eenheid dien die waarheid. "Disagreeing Christianly is ne of the most powerful forms of incarnational witness the church can practice." (Daryl Guder: The Continuous Conversion of the Church).

Die fokus van die Moderamen op missionale transformasie (om verander te word tot gestuurdes van die Here) en ons onderlinge verbondenheid aan mekaar, word oral bekend gemaak. Die Moderamen se oortuiging dat ons nou 'n tyd betree waarin die hoop van die evangelieboodskap ons land kan verander, word oorgedra.

Die Moderamen is daartoe verbind om:

As span saam te werk in 'n gees van eensgesindheid en liefde;

Self die verandering om as gestuurdes van die Here te leef, te beliggaam.

Mekaar te ondersteun en te verdedig en oor mekaar se integriteit te getuig.

Nie mekaar op enige wyse mekaar te etiketteer nie.

Ons onderlinge verbondenheid as sinodes te bevorder en versterk.

Veilige ruimtes vir mekaar te bied om by mekaar te leer, mekaar aan te vul, van mekaar te verskil en eerlike deelname aan gesprekke te verseker.